Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe
# Kompas



**Jaargang 21 no 3**
Maart 2012


- Nogtans ..... 2
- Kerknuus uit Australië ..... 4
- 'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (2) ..... 5
- Eerste Christelike Afrikaanse Onderwysersopleiding ..... 7
- Die virus van 'n kerklike minderwaardigheidsgevoel ..... 8
- Versoening tussen Bybel & Wetenskap (5) ..... 10
- Job se siekte ..... 13
- Die Nederlandse Geloofs-belydenis ..... 14
- Uitstraling van die VGKSA ..... 15
- Boekenuus ..... 19


# VRAE en ANTWOORDE

Daar bestaan deesdae baie vakwetenskappe soos o.a. Fisika, Wiskunde, Filosofie en Geologie, almal basiese wetenskappe. Dan is daar 'n aantal toegepaste wetenskappe soos Ekonomie, Rekeningkunde , Ouditkunde, Maatskaplike Werk, ens. Waar sou die Teologie nou inpas? Baie eeue lank was Teologie die normwetenskap wat bo die ander wetenskappe gestaan het. Die Woord van God bevat die norme en lewensbeskouings vir die wetenskappe. Die Woord van God was dus bo alles in die lewe. Dit is nie meer so nie. Teologie het in dieselfde ry gaan staan as al die ander wetenskappe. So dra die resultate van die Teologie en die ander wetenskappe dieselfde gewig.

Hierdie stand van sake word deesdae deur byna alle teoloë so aanvaar. As gevolg daarvan word die Teologie soos dit aan die Teologiese Universiteit (TU) in Kampen beoefen word, nou ook beïnvloed deur ander wetenskappe (sien berig onder Kerknuus). Teoloë het baie meer en indringende vrae t.o.v. die Bybel as wat voorheen die geval was. Daar word vrae gevra oor die skeppingsverhaal, die son en maan wat in Josua se tyd stilgestaan het, die verhaal van Jona, ens. Ook die ontwikkelings in die liturgie laat baie vrae ontstaan. Dit gee soms enkele mooi nuwe ontwikkelings in die liturgie, maar ook baie onrus in die kerke. In die Gereformeerde Kerk (vrygemaak) in Nederland, maar ook in die buitelandse kerke soos dié in Australië, Kanada en Suid-Afrika is daar 'n ongemaklikheid daaroor.

Om helderheid oor 'n hele aantal sake te kry, was daar 'n geleentheid gehou in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, met die ander gemeentes, soos Bethal, Maranata en Johannesburg, ook aanwesig. Daar was twee Deputate vir Buite-landse Betrekkinge vanuit Nederland aanwesig. Vrae is gevra en antwoorde is gegee. Daar was ongelukkig geen diskussie nie. Daar was gewone vrae en ook fundamentele vrae. Die gewone vrae het meestal aan die orde gekom, terwyl die fundamentele vrae as gevolg van tyd bly lê het. Vrae oor die kerke is redelik oop en vrymoedig beantwoord. Vrae oor die Teologiese Universiteit het nie mooi na vore gekom nie en gevolglik was die antwoorde onbevredigend.

Al die antwoorde word onder die noemer 'ontwikkeling' geplaas. Dit behoort egter nie die geval te wees nie. Hoe kan Skrifkritiekbeoefening as ontwikkeling gesien word? Dit is tog agteruitgang. Vrae wat hieruit voortspruit, is wat die TU met hierdie agteruitgang gaan doen. Dit wil voorkom asof dit by die TU as algemene beleid aanvaar word dat dít die koers van die navorsing en onderrig in die toekoms sal wees. Dit gaan verreikende gevolge vir die kerke in Nederland en ook in die buiteland inhou. As die Here dit nie stuit nie, gaan nuwe verhou-dings tussen Nederlandse kerke onderling en in die buiteland ontstaan. Nuwe groeperinge gaan ontstaan en versplintering van kerke lyk moontlik. Daar ontstaan baie meer vrae as antwoorde. Dit sal jammer wees, want die Bybel is nie vol vrae nie, maar vol antwoorde. God het in sy verbond met sy kinders baie beloftes (antwoorde) gegee. Ons moet dit net glo en bly vashou daaraan en gehoorsaam ons pad gaan.

***Prof Hans Boon***

# NOGTANS

## Uit die Bybel

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?*
*Hy was verag en deur die mense verlaat...*
*Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem....*

**(Jesaja 53:1-4a)**
Jesaja 53 gee 'n baie ongewone beskrywing. Dit is asof ons iemand in die straat sien loop, en die teks beskryf dan wat ons sien en hoe ons oor die persoon oordeel. Die teks beskryf die hele tyd wat "*ons"* dink en hoe "*ons"* teenoor hierdie persoon staan.
Natuurlik gaan dit dan in die eerste plek oor hulle wat in werklikheid met hierdie Kneg van die HERE gekonfronteer is, maar ons teks is ook 'n tipe belydenis. Dit is 'n woord wat net so gepas is in elke gelowige se mond! En juis deurdat hierdie gedeelte 'n profesie is, word God se hele volk as 't ware saamgeneem, en word daar uitgespreek wat in ons hart leef.
Ja, en dan ook hoe die Kneg teenoor ons staan!

"...niks begeerliks nie... verlaat...
krankhede... verag..."

**On-gelooflik**
Ons almal het geweet dat die Kneg van die HERE sou kom, maar wie kan glo dat die Man wat ons voor ons sien, hierdie beloofde Kneg is? Dit is tog nie moontlik nie? Die Kneg van die Heerlike en Almagtige God, Hy wat die mees besondere posisie inneem voor die onbeskryflike God, is dit Hy wat ons hier sien? Daar moet tog iewers 'n fout wees? Kyk hoe lyk Hy, kyk hoe leef Hy, kyk hoe is Hy – is dit nou die Kneg van die Here? Voorwaar, so 'n woord is ongelooflik! Geen nugter-denkende mens sal dit vir 'n oomblik aanneem nie. Dit is immers deur hierdie Kneg dat die HERE sy magtige arm sou openbaar!
Ja, dit is wat elke kind van God vurig begeer, daardie magtige arm van God se verlossing in sy of haar lewe. Dit is met daardie magtige arm dat die HERE die Egiptenaars verpletter het. En by die intog van Israel in die land Kanaän: volk na volk moes wyk voor hierdie kragtige arm van die Here. In benoudheid het die arm van die HERE ingegryp. Net voor die intog in die land Kanaän, in Deuteronomium 4:34, wil die Here sy volk vir altyd daaraan herinner: Onthou, daar is geen ander god soos Ek nie, want kyk na my uitgestrekte arm waardeur Ek tekens en wonders en groot skrikwekkende dade gedoen het!
Dit is die arm van die HERE. En nou moet ek hierdie magtige arm van die Here sien in daardie Kneg, in Hom wat geen glans of heerlikheid het nie? Wie sien in hierdie vernederde, verpletterde Man daardie magtige arm van die Here?
En so word ons geplaas voor die geheim van God se openbaring. Ons staan hier voor die werklikheid van die stryd in hierdie wêreld, die kern van die stryd in my eie lewe. Immers, as ek daar by die Rooi See staan, en ek sien daardie groot wonders wat God deur sy magtige arm doen, ja, dan kan ek glo. Wat 'n weg van verlossing! Maar nou staan ek voor hierdie veragte Man, so klein in die oë van die mense, en Hy sterf daar aan die kruis saam met moordenaars. Hoe is dit moontlik dat ek hier voor 'n magtelose man aan die kruis sê: Kyk hierdie magtige weg van verlossing wat besig is om voor my oë af te speel?
Dit kan slegs gesê word wanneer die openbaring van God diep deurdring tot in ons hart, en wanneer ons die magtige werklikheid besef wat hom afspeel in die lewe van hierdie Kneg. Wie die magtige arm van God wil leer ken, hy sal biddend moet staar na die kruis totdat hy dit ook sien, totdat God sy oë hiervoor oopmaak.

**Waardeloos**
En dan in vers 2 begin ons te vertel hoe ons hierdie Kneg beleef en beoordeel het: "*Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond*". Hierdie Kneg van die Here kom nie na vore as 'n magtige akkerboom of as 'n vrugteboom in volle bloei nie. Maar uit 'n wortel, iewers aan die stam van 'n boom, of nog half weggesteek onder die grond. Ons ken dit vanuit ons eie ervarings in die tuin: daardie groei wat skielik opkom so 'n entjie weg van die stam van die boom, sommer so as 'n loot uit 'n wortel. Dit is daardie deel van die boom waarvan ons nie weet hoe vinnig ons daarvan ontslae moet raak nie! So iets is vir niks geskik nie. Dit ontsier my boom en my tuin. Weg daarmee! So het ons na die Kneg gekyk: nie gepas vir my nie, Hy ontsier net my lewe! Moet Hy nou die heerlikheid in my lewe bring?
"*En soos 'n wortel uit droë grond*". Hierdie Kneg bars nie deur die aarde met die krag en mag van nuwe groei, met groot potensiaal nie. Ek sien Hom eerder in kleinheid, verskrompeld in die droë grond.
Dit sal tog nooit iets kan word nie?! Hy is totaal onopvallend. Hoogstens kry Hy 'n bietjie simpatie by

my, maar daarna gaan my oë verby, op soek na iets groots en heerliks! Waar is tog die groot Verlosser wat ek soek?!

En so groei hierdie Kneg op van kind tot man, en Hy kom in die sig van mense. Hy kom in *my* sig. Maar hy het geen gestalte of heerlikheid gehad nie. Ek het Hom gesien, maar daar was niks om te sien nie. Niks wat my hartspier aangeraak het om Hom liefde en respek te gee nie. Ons het op ander plekke gaan kyk: na daardie mense van statuur. Egte verlossers, wat met mag massas saamtrek agter hulle aan – groot en dominerende persone. Daardie mense waarmee jy graag wil hê dat jou naam geassosieer moet wees!

En tog, ook al is Hy nie iemand met wie ek my sou wou assosieer nie, elke keer weer loop ek Hom raak. Op die een of ander manier kon ek Hom tog nie uit my lewe ban nie. Want elke keer weer verskyn Hy aan die mense. En dit roep elke keer weer dieselfde reaksie op: Hulle verag Hom. Nee, hiermee word dan nie in die eerste plek bedoel 'n emosionele verkleinering nie. Maar ons het weer na Hom gekyk, en ons was al vinnig reg met ons oordeel: waardeloos.

Is dit nie die hartsteek in ons teks nie? Dit is nie die heidene daar buite wat dit van Hom gedink het nie. *Ons*, sy kinders, het Hom nie geag nie! Ek het verby my Verlosser gestap, en Hom afgemaak as nutteloos. Afgeskryf! Ek kon nie vinnig genoeg van Hom af wegkom nie... Kyk tog na die Man!

*'n Man van smarte, bekend met krankheid*. Hy was 'n toonbeeld van menslike verganklikheid. By Hom hou menslikheid op. So erg was dit, hierdie pyn en moeite en siekte wat Hy gedra het, ons kon nog eerder 'n melaatse onder ons gehad het. Ek het my gesig vir Hom weggesteek, my kop omgedraai as Hy aangeloop gekom het, ander kant toe gekyk.
Ja, sulkes is ongelukkig ook deel van ons samelewing. Maar waar is tog daardie magtige heerser wat bo die mense staan, wat verhewe is bo die menslike lewe, wat met sy groot krag en verhewenheid mense verlos uit die moeite waarin hulle sit?
Daar is Hy weer, die Lydende! Hy gaan heeltemal gebuk onder die pyn en siekte. Dit is asof Hy die wêreld op sy skouers dra... .

**Nogtans**
Wie kan tog glo dat hierdie *lydende* Kneg die magtige arm van die Here aan my wys?!
Niemand nie, behalwe hulle wat teenoor die verhaal van hulle eie hart wil vashou aan die verhaal van die Kneg se hart! Want dit is die heerlike woord waarmee vers 4 begin: *Nogtans!* Die hele evangelie van God se genade saamgevat in een woord: Nogtans! Ook al is dit hoe ek na Hom gekyk het: Nogtans! Nogtans het die Kneg *my* krankhede op *Hom* geneem, en *my* smarte, die het *Hy* gedra! Nogtans!

Want skielik gaan die skrikwekkende van ons teks oop: hierdie Kneg van die HERE lyk so as gevolg van *my*. Ek het Hom gehou vir iemand wat deur God geplaag was, en was vinnig reg met my oordeel: Verseker, hierdie man het baie sondes, want kyk hoe word Hy deur God geslaan en verdruk. Kyk na al sy smarte en siektes! Terwyl ek eers so na Hom gekyk het, sien ek nou: dit is nie *sy* sondes waarom Hy so gebuk deur die lewe gaan nie. Dit is *my* sondes wat Hy daar dra. *Ek* is die rede waarom Hy so gebuk gaan. En daardie straf van God waaronder Hy wegsink, sodat Hy die beeld van onmenslikheid is, dit is *my* straf wat Hy daar dra!

> Die hele evangelie van God se genade saamgevat in een woord:
> Nogtans!

Terwyl ek so vinnig was om Hom te oordeel, was Hy besig om God se oordeel oor my weg te neem! Ek was so vinnig om Hom voor die oordeel van God in te skuif, en dit terwyl Hy daar uit vrye wil vir *my* gaan staan het.

Ek het gedink dat iemand wat *so* lyk en *so* ly, dat so iemand baie swaar teen die Here moes gesondig het. En ondertussen ly Hy so erg en lyk Hy so omdat *my* sondes so groot is! Kyk wat het *ek* Hom aangedoen! En so vind ons die trane wat so wesenlik deel is van die evangelie: Kyk wat het ek U, my geliefde Verlosser Jesus, aangedoen! Hoe vuil, hoe verskriklik is my houding en my sonde!

Maar tegelyk vind ons groot lof en verwondering: Kyk, hier is die magtige arm van die HERE! Jesus Christus, Lydende Kneg van die HERE: in u sien ek God se magtige arm waarmee Hy my hele lewe verlos.

Halleluja! Ondanks my hart, het God die "nogtans" van Sy hart in my kom uitwerk.

***Ds Jopie van der Linden*** *is emiritus-predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.*

# KERKNUUS

## Kerknuus uit Australië

Gewoonlik is dit in Januarie stil by ons gemeentes in Australië. Dit is 'n tyd van vakansie en ontspanning vir baie, in elk geval vir die skoolkinders en studente. Die skole het op 1 Februarie weer geopen.

Die Armadale-gemeente het die afgelope maand opgewondenheid en vreugde beleef. Op 18 Januarie 2012 het ds A Hagg die kerkraad laat weet dat die Here dit vir hulle duidelik gemaak het dat hulle die beroep na Armadale, Australië gaan aanvaar. Nou word daar met verwagting uitgesien na hul koms DV Augustus 2012.

Daar was ook groot dankbaarheid in die Albany-gemeente. Ds Alkema van Kanada het die beroep wat op hom uitgebring is, aanvaar.
Ds D Poppe van Kanada het nie die beroep van die Rockingham-gemeente aanvaar nie. Hierna het die Rockingham-gemeente 'n beroep uitgebring op ds D Anderson van Katwijk in Nederland. Met blydskap is vermeld dat hy die beroep aanvaar het.

Twaalf maande gelede was daar vyf vakante gemeentes in ons kerkverband. Daar is nou slegs een vakante gemeente. God sorg werklik vir sy kinders in Australië deur herders en leraars te skenk.

Op 3 Februarie 2012 het die kerkraad van Bunbury ds R Eikelboom van Launceston, Tasmanië beroep. 25 November 2011 was 'n spesiale dag op die kalender van die Bunbury-gemeente. Dit is 10 jaar gelede dat die kerk in Bunbury geïnstitueer is.

Ook het kandidaat T van Spronson sy klassis-eksamen in November 2011 geslaag en kon hy as bedienaar van die Woord in Busselton bevestig word. Ons het die voorreg gehad om afgelope Januarie tydens ons vakansie die Busselton-gemeente te besoek. Dit was werklik 'n belewenis. Die dienste word gehou in 'n klein Sewendedag Adventiste-kerkgebou. Voor en na die diens en ook tydens die kollekte kon ons na pragtige orrelmusiek oor die luidsprekers luister. Net na die seëngroet, terwyl ons die psalm opsoek, wonder ek wie gaan klavier speel. Maar nee, daar is ander maniere. In die ry agter ons het 'n ma haar dwarsfluit saamgeneem. Voor elke vers wat ons gesing het, het sy die eerste reël voorgespeel. Dit was pragtig om so saam psalms te sing. Ons kinders het wel moeite gehad om voor hulle te kyk! Na die diens het die kerkraad eerste die gebou verlaat. By die uitgang het ds Van Spronson elkeen met die hand gegroet. Ons was werklik onder die indruk van God se wêreldwye werk. Hier in 'n klein gemeente in 'n gehuurde gebou vergader Hy sy kinders, en het Hy onlangs 'n nuwe predikant geroep vanaf die verre Kanada.

***Herman de Jager*** *is lidmaat van die Free Reformerd Church Armadale.*

## Uit die Reformatie – 2 Desember 2011

**Hoe lees ons die Bybel?**
Hoe lees ons die skeppingsverhaal in die Bybel? Hoe het die Israeliete in die Ou Testament dit gedoen en hoe het die kerkvaders dit gedoen? Wat sê ander tekste in die Ou en Nuwe Testament oor die skepping en die glorie van God? En wat is of mag die natuur-wetenskappe se invloed op die lees van die Bybel wees? Onlangs is daar by die Teologiese Universiteit van Kampen 'n boek gepubliseer wat 'n bydrae wil lewer tot die steeds groeiende debat oor die skepping. Dit behandel essensiële vrae uit die Bybel, maar ook uit die wetenskappe. 'n Tema wat ter sprake is, is byvoorbeeld: 'Wat is ons plek as mense in die groot werk van God, tussen skepping en voleinding?' Daar word gesê dat dit 'n prikkelende en inspirerende boek is vir diegene wat die Bybel aanvaar as die Woord van God en tegelyk onder die indruk is van die moderne natuurwetenskappe by die lees van die Bybel. Die boek staan onder redaksie van prof G Kwakkel (Oudtestamentikus) en prof PHR van Houwelingen (Nuwetestamentikus).

*Hoe is dit moontlik?*

Redakteur

# ’n NUWE Afrikaanse Bybelvertaling (2)

## Venster op die Bybel

**Terugblik**
In die vorige uitgawe het ons gekyk na die oorsprong en verloop van die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Verskeie ‘formele’ aspekte van die vertaling is onder die vergrootglas geplaas en bespreek. Maar hoewel die teorie agter ‘n vertaling van die grootste belang is, lê die proef op die som uiteindelik in die produk wat daaruit na vore kom. En daarom wil ons in hierdie en die volgende artikel let op ‘n aantal konkrete sake in die nuwe vertaling.

**Inleidings tot die Bybelboeke**
By die lees en bestudering van enige Bybelboek kom sekere vrae ter sprake. Vrae soos: wie is die menslike skrywer? Wanneer en waar het die boek ontstaan? Wat is die hoofboodskap? Wie is die hoorders/lesers? Waar pas die boek in die res van die kanon in? Hoe is die boek opgebou? Met watter soort genre het ons in hierdie boek te make? In die teologie bring hierdie soort vrae ons in die vakgebied van die *kanoniek*. Om ‘n Bybelboek in die regte konteks te lees, is die beantwoording van hierdie vrae van die grootste belang.
Dit is egter alreeds by die beantwoording van hierdie vrae sigbaar *hoe* iemand na die Skrif kyk. Skrifbeskouing speel ‘n belangrike rol in die beantwoording van bogenoemde kanoniese vrae. Vanuit Skrifkritiese hoek word daar dikwels baie anders na die ontstaan van die Bybel en onderskeie Bybelboeke gekyk, as deur mense wat die betroubaarheid van die Skrif handhaaf. Veral vanaf die 19de eeu is daar vanuit Skrifkritiese hoek talle teorieë ontwikkel om die ontstaan van Bybelboeke te verklaar. Byna sonder uitsondering ignoreer hierdie teorieë dít wat die Skrif self oor haar eie ontstaan vir ons bekend maak. In plaas daarvan om die Skrif self aan die woord te laat, word die Skrif (en afsonderlike Bybelboeke) onderhewig gemaak aan die gietvorm van verskeie mensgemaakte teorieë – met die verskoning dat dit wetenskap is!

In die nuwe Afrikaanse vertaling vind ons, net soos in die 1983-vertaling, voor elke Bybelboek ‘n inleiding waarin die tipiese kanoniese vrae, soos hierbo genoem, bespreek word. Baie van dit wat daarin geskryf staan, is positief en gee ‘n goeie uitleg van die betrokke boek. Maar daar is ook dele wat vrae oproep. Ek gee vervolgens ‘n aantal voorbeelde (u kan dit self nagaan op die webwerf wat in die vorige uitgawe alreeds gegee is: nuwekerkbybel.co.za).

**Rut**
Onder die hofie ‘tyd en plek van ontstaan’ word daar oor die boek Rut onder andere die volgende gesê:

> Volgens die beginwoorde speel die verhaal af in die rigtertyd. Die boek is egter heelwat later geskryf. Die geslagsregister aan die einde van die boek is waarskynlik afgelei van die gegewens in 1 Kronieke 2:5-15, wat dui op ‘n laat datering… Alhoewel die verhaal of elemente daarvan ouer kan wees, kan die boek in sy huidige vorm nie vroeër as 400 vC gedateer word nie.

Hoekom kan die boek nie vroeër as 400 vC gedateer word nie? Omdat die boek ‘n geslagsregister bevat met Dawid se naam in (Rut 4:17-21), wat volgens die skrywer van hierdie inleiding op 1 Kronieke 2:5-15 gegrond is? Hoekom moes die outeur van Rut by Kronieke gaan leen het? Indien daar wel ‘geleen’ is, is dit dan nie waarskynliker dat die skrywer van Kronieke by Rut gaan kers opsteek het nie? Terloops, hoekom moes hulle eintlik by mekaar geleen het – was die geslagsregister van koning Dawid nie algemeen bekend nie? Nee, hier sit ‘n bepaalde teorie agter, ‘n bepaalde kyk op die Skrif. En hierdie teorie wreek homself vervolgens in ‘n nuwe teorie oor wie die oorspronklike lesers was:

> Die eerste lesers was na alle waarskynlikheid Judeërs in die provinsie Juda van die Persiese ryk. In die tyd ná die ballingskap was die Judese gemeenskap verdeel: die teruggekeerde ballinge het daarop aanspraak gemaak dat húlle die ware Israel is en almal wat nie van “suiwer” afkoms was nie, is uit die Jerusalemse gemeenskap verstoot (vgl bv Esra 10; Deut 23:3). Die boek Rut weerspreek hierdie gesindheid en wys daarop dat Dawid, dié ikoniese figuur van die tempelgemeenskap in Jerusalem, se voorsaat ‘n Moabiet was.

Nêrens gee die Skrif enige aanduiding van hierdie soort stryd nie. Esra 10 bewys ook nie die onregmatige verstoting van diegene wat nie van “suiwer” afkoms was nie, maar bewys eerder die ongehoorsaamheid van die volk om met heidense vroue te

trou. In bogenoemde inleiding word die verstoting in Esra 10 in 'n negatiewe lig gestel, terwyl die Skrif dit aan ons voorhou as 'n daad van gehoorsaamheid (Esra 10:2 en 3).

God hou die weg na die koms van Jesus Christus oop.

Wanneer daar ten slotte in die inleiding gepoog word om die 'temas en motiewe' van die boek Rut te omskryf, word daar onder andere die volgende gesê:

> 'n Duidelike motief is die kritiek teen die verstoting van Moabiete en vreemdelinge, teen die eksklusivisme van die Jerusalemse tempel-elite. Verder word lojaliteit en trou aan familie en aan ondernemings wat eenmaal gegee is, hoog aangeslaan.

Behalwe dat jy sonder 'n vooraf-gekonstrueerde teorie nooit by hierdie motief kan uitkom nie, eenvoudig omdat die boek Rut self niks daaroor sê nie, word daar verder met geen woord gerep oor die belangrike motief van die Messias-verwagting nie. Die boek Rut se hoofmotief is immers dat God die weg na die koms van Jesus Christus oophou, ondanks die ongehoorsaamheid van sy kinders!

***Obadja***

Twee kort voorbeelde uit die inleiding tot die boek Obadja behoort bogenoemde tendens te bevestig. Weer eens onder die hofie 'tyd en plek van ontstaan' lees ons die volgende:

> In die boek word verwys na gebeure tydens en ná die val van Jerusalem in 586 vC… Die boek is kort ná hierdie dramatiese gebeure in Juda geskryf. Die laaste paar verse dateer egter uit 'n tyd nader aan die einde van die Babiloniese ballingskap.

Geen motivering word vir die laaste stelling gegee nie. Dit word eenvoudig as 'n feit aan die leser deurgegee. Hoekom? Is dit vir die skrywer van hierdie inleiding onaanvaarbaar dat God kort ná die ballingskap alreeds kan sê wat aan die einde van die ballingskap – 70 jaar later – gaan gebeur? Neem kennis dat dít dikwels 'n verborge motief is by die Skrifkritiese datering van Bybelboeke: toekomsvoorspelling is, volgens die Skrifkritici, onmoontlik, en daarom kon 'n boek eers ná die betrokke gebeure geskryf word. Hier is nie slegs 'n Skrifbeskouing op die spel nie, maar meer nog: 'n Godsbeskouing! Glo ons in 'n God wat wonders kan doen? Glo ons in 'n God wat die toekoms in sy hand het (Openbaring 5), en daarom vooraf alreeds kan sê wat gaan gebeur? Oor die skrywer van hierdie kort profesie, wat in vers 1 eksplisiet as 'Obadja' aangedui word, sê die inleiding eenvoudig:

> Die skrywer is aan ons onbekend.

Slegs dit. Weer eens geen motivering vir hierdie stelling nie. Is dit wetenskaplik?

***Maleagi***

Onder die hofie 'kenmerke' word die volgende oor die profesie van Maleagi gesê:

> Die boek kan getipeer word as Skrifprofesie. Dit het ontstaan in die proses van Skrifinterpretasie. Die profeet het die ou tradisies van die Wet op 'n aktuele manier vir die geloofsgemeenskap van sy tyd geïnterpreteer.

Hierdie beskrywing van 'n kenmerk van die boek Maleagi is hemelskreiend. Hier word van profesie 'n menslike aktiwiteit gemaak: dit is geaktualiseerde Skrifinterpretasie. En as die boek self nog onduidelik was oor die aard van die inhoud, dan was hierdie tipering moontlik verstaanbaar. Maar die boek is geensins onduidelik nie. Die eerste woord van Maleagi sê alreeds vir ons hoe die boek gelees wil word: GODSPRAAK! En meer as twintig keer lees ons die woorde: "sê die Here". Maleagi is nie besig met interpretasie nie, maar hy tree op as Godsgesant: só spreek die Here!

**Moontlikhede?**

Bogenoemde voorbeelde kan nog met talle vermenigvuldig word. En wat vir die inleidings op die Ou Testamentiese boeke geld, geld net so goed vir dié op die Nuwe Testamentiese boeke. Sonder om na die Skrif te luister word daar opinies en teorieë gevorm oor die mees basiese inleidingsvraagstukke. Dit is uiteraard vir ons problematies. Kan ons aan so 'n vertaling saamwerk? Dit is egter belangrik om te onderskei – die inleidings is nog nie die vertaling self nie. Ook al het ons met dele van die inleidings 'n probleem, kan ons steeds goed van die vertaling gebruik maak. En dalk is daar ook nog 'n ander opsie… Ek het in die vorige artikel geskryf dat die Bybelgenootskap bereid was om 'n aparte weergawe van die nuwe vertaling uit te gee, waarin die Messiaanse verwysings in die Ou Testament wel met hoofletters aangedui word. Sou dit dalk moontlik wees om die Bybelgenootskap te vra om, by hierdie alternatiewe weergawe, die inleidings eenvoudig weg te laat? Dit is 'n moontlikheid wat deputate tans besig is om te ondersoek.

As die Here wil, sal ons in die volgende uitgawe spesifiek kyk na stukke teks wat reeds vertaal is.

***Ds Erik van Alten*** *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

# EERSTE CHRISTELIKE AFRIKAANSE ONDERWYSERSOPLEIDING

## - Unieke Akademie spring vanjaar weg

### Samelewing & Politiek

Die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (AROS) het nou goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang om vanaf vanjaar 'n ten volle geakkrediteerde BEd-graad aan te bied.

Die BEd-graad is vir studente wat onderwysers in die grondslagfase (gr 0 – 3) wil word. Dit is 'n vier jaar-graad en word op so 'n manier aangebied dat studente as assistente by skole kan inskakel en praktiese ervaring kan opdoen, en Vrydagmiddae en -aande asook Saterdae lesings bywoon.

Die graad is in verskeie opsigte uniek. Dit is voluit vanuit die Christelike benadering saamgestel. Ook is dit die eerste Afrikaanse BEd-graad wat deur 'n private instansie aangebied word. Die afgeleweringsmodel is uniek in die opsig dat kontaksessies oor naweke en deur die week d.m.v. afstandonderrig deur die internet aangebied word. 'n Vereiste is dat studente by skole inskakel en praktiese ervaring opdoen.

Mnr Pieter Bisschoff, uitvoerende hoof van AROS, sê met die vergunning is nou 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik om 'n voluit Christelike graad aan te bied. Hierdeur hoop AROS om 'n betekenisvolle bydrae te kan lewer om die tekort aan Christelike en Afrikaanse onderwysers te verminder.

AROS het agt jaar gelede begin om die BEd-graad namens Noordwes-Universiteit aan te bied en het drie jaar gelede aan die werk gespring om sy eie graad te ontwikkel. Hierdie graad is laat verlede jaar deur die Raad vir Hoër Onderwys goedgekeur. Nou het die Departement die graad en ook AROS as instelling goedgekeur. Dit impliseer dat AROS se kwalifikasie dwarsdeur die land deur openbare laerskole erken word.

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Vanjaar het AROS byna 200 derde- en vierdejaar-studente wat by sy kampus in Waverley, Pretoria die BEd-graad loop. Nou kom AROS se eie graad aan eerstejaars by.

AROS beskik reeds oor 'n veertigtal voltydse en deeltydse dosente met baie jare se ervaring. Studente is by meer as 'n honderd skole in die omgewing werksaam. In die afgelope paar jaar het geblyk dat skoolhoofde sonder uitsondering baie in hul skik is met sowel die studente as met die onderwysers wat by AROS gekwalifiseer het.

Omdat studente oor naweke lesings moet bywoon, is dit 'n vereiste dat hulle nie verder as 150 km van Pretoria woon nie.

AROS beplan om die beskikbare studierigtings uit te brei. Eerste aan die beurt is 'n amptelike kwalifikasie vir kleuterskoolonderwys wat hopelik reeds aanstaande jaar sal begin.

Voornemende studente moet so gou as moontlik met AROS skakel, by tel 012 332 3227 of per e-pos: info.aros.ac.za. Vir meer inligting, kyk by www.aros.ac.za.

**Nota:** *AROS is 'n Artikel 21-maatskappy (sonder winsbejag) en voorwaardelik geregistreer as 'n private hoër onderwysinstelling deur die Departement vir Hoër Onderwys en Opleiding volgens Afdeling 54 (3) en Regulasie 16 (4)(b) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer 2012/HE08/001.*

*Vir verdere inligting, skakel Lydia van der Kooy, tel 012 332 3227, sel 084 222 8893 of e-pos lydia@aros.ac.za. AROS se fisiese adres is Dickensonlaan 1280, Waverley, Pretoria.*

**AROS – Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies**
*(Rob van der Kooy is lid van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar in Pretoria.)*

# Die VIRUS van 'n KERKLIKE minderwaardigheidsgevoel

## Leer & Lewe

In *Nader Bekeken* van 11 November 2011 skryf dr J van Bruggen uit Nederland die volgende:

Deesdae is daar al hoe meer kerkmense wat 'n gevoel van moedeloosheid en minderwaardigheid kry. Dit maak hulle slap en onseker. 'n Mens kan dit vergelyk met 'n virusinfeksie. Van Bruggen benoem dit die virus van 'n *kerklike minderwaardigheids-gevoel* (km-virus). Net soos by ander virusinfeksies, is die eerste simptome dat jy lusteloos begin voel. Jy is nie meer met oortuiging betrokke by die kerklike lewe nie. As die siekte erger word, kry 'n mens te make met vorms van geestelike verwarring. Dit maak 'n mens ongeskik om nog met oortuiging in die kerk te werk.

**Onwerklike ideale**

Kom ons probeer om hierdie virus in beeld te kry. Dit begin met bepaalde hoë ideale wat ons ontmoedig.

- Die eerste ideaal is dat die kerk *duidelik* moet wees vir elkeen. Liedere, preke, gewoontes moet vir elke besoeker duidelik wees – 'n drumpellose gemeente.
- Die tweede ideaal is dat die kerk *veilig* moet wees vir elkeen – ook veilig vir mense met afwykende gevoelens, mense wat verhoudingsbreuke deurge-maak het, ens. Slegs as die gemeente vir elkeen voel soos 'n warm kombers om jou heen, is dit 'n goeie gemeente.
- Die derde ideaal is dat die kerk *relevant* moet wees vir mense van die hede. Slegs wanneer die gemeente as relevant ervaar word deur moderne mense, het dit bestaansreg.

Hierdie drie ideale is so hoog dat hulle spoedig gevoelens van moedeloosheid en lusteloosheid sal begin oproep.

**Ontevredenheid**

Hierdie drie ideale het baie te make met die uit-gangspunt vandag dat die gemeente veral *missionêr* moet wees. Wanneer die woord *missionêr* daarop dui dat 'n Christen oop moet staan vir sy omgewing en bereid moet wees tot verantwoording, dan is dit inderdaad 'n waardevolle en onmisbare kenmerk van 'n Christen. Wat deesdae egter gepropageer word onder die begrip *missionêre gemeente*, is egter iets anders as wat die Skrif en die belydenis nog altyd gesê het oor die taak van elke Christen.

Baie Christene is deesdae ontevrede en onvoldaan as hulle *gemeente* nie groei nie en nie buitestaanders bereik nie. Dit gaan dus nie oor ontevredenheid oor jou persoonlike Christen-wees nie, maar oor ontevre-denheid oor die *kerklike gemeente*. Dit is 'n ontevre-denheid waarvan jy eintlik die ander meer verwyt as jouself. Dit is hier waar die km-virus toeslaan. Wanneer hierdie besmetting voortgaan sonder dat dit gekeer word, sien ons dat Christene hul tradisie begin loslaat – nie slegs versteende onderdele nie, maar selfs die kernwaarhede. Sommiges begin die einde van hul kerk(verband) voorspel. Nog 'n stap verder en hulle begin die bestaande gemeente af-breek of sluit, met die argument dat die kerk heelte-mal opnuut oorgebou moet word. Dit is duidelik dat hierdie soort pessimisme en eksperimenteerdrang nie 'n gesonde klimaat skep vir 'n goeie kerklike lewe nie.

Om ons te wapen teen hierdie virus, is dit nuttig om eers te vra hoe haalbaar hierdie drie ideale is.

**Verlammende ideale**

- ***Duidelikheid*** – Natuurlik moet ons doen en late in die kerk nie onnodig vreemd of ingewikkeld wees nie. Dit moet so duidelik as moontlik wees. Tog is dit 'n illusie dat elkeen altyd alles dadelik moet kan ver-staan. Duidelikheid het nie net te make met wat ons sê, sing en doen nie. Duidelikheid veronderstel ook iets van die kant van die besoeker. Het hy 'n welwil-lende of 'n vooringenome houding? Staan hy oop vir God se boodskap, en vir dit wat dalk vir hom onbe-kend, onverwags of ongelooflik sal klink? Kortom, net soos liefde moet ook duidelikheid van twee kante kom. Verder is dit so dat duidelikheid meer te make het met gevoel as verstand. Klein kinders verstaan dikwels meer van 'n kerkdiens as wat hulle onder woorde kan bring. Wie as ideaal stel dat alles in die kerk vir elkeen duidelik moet wees, gee homself oor aan 'n ideaal wat nòg haalbaar nòg reëel is. Laat ons eerder daarop fokus om met hart en siel verbonde te

wees met ons woorde, liedere en tradisies. Watter indruk 'n ander van ons kry, gaan vooraf aan die feit of die persoon wel alles verstaan.

- ***Veiligheid*** – Natuurlik moet 'n Christen baie inlewingsvermoë aan die dag lê by mense in aanvegting of met psigiese probleme. Maar of daarmee elkeen in die kerk 'n veilige gevoel het, hang ook af van die ander. Soms wil ons self ook nie in ons swakheid of sonde aangespreek word nie en voel ons bedreig wanneer dit tog gebeur in die gemeente. Wanneer in Korinthe 'n ongelowige of toehoorder in die gemeente-samekoms kom, "word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; en so kom die geheime van sy hart aan die lig". Ek weet nie of dit wel so 'veilig' gevoel het nie, maar dit is wel so dat hy "op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is." (1 Kor 14:24-25) Die heiligheid van die hemelse God is veilig vir elke mens, maar as sondaars kan ons in die eerste plek ook baie daardeur bedreig voel. Moet ons daarom nie eerder begin by heiligheid as by veiligheid nie?

- ***Relevansie*** – Moet die kerk nie meer moeite doen om vorms aan te neem wat meer by die moderne samelewing pas nie? Moet ons nie meer aansluit by aktuele temas van hierdie tyd, eerder as die temas van die ou belydenisse nie? Maar dan kon onderwerpe soos hemel en hel, skuldvergewing, God se verbond dalk buite beeld bly. Die evangelie is wel vir die 21ste eeu, maar dit kom uit die hemel en het sy eie onderwerpe, wat dikwels vir ons kultuur of ouderdom glad nie relevant lyk nie. Dit is waarhede wat slegs weer as belangrik ervaar sal word wanneer onwil oorwin word, en nederigheid voor God terugkeer. Reeds in Athene het hulle Paulus nie relevant gevind nie toe hy op die Areopagus oor iets soos die opstanding van die dode begin praat het.

Kortom, die ideale van duidelikheid, veiligheid en relevansie is onwerklik en onhaalbaar. Hulle veroorsaak onsekerheid en gee die gemeente 'n minderwaardigheidsgevoel. Dit is te sien in die volgende:

- Aanhoudende ontevredenheid oor psalmberymings, liedere, Bybelvertalings, liturgie, preek. Die minderwaardigheidsgevoel veroorsaak dat mense nie meer suinig is op dit wat hulle besit nie.
- Onduidelikheid m.b.t. norme. Mense durf nie meer die norm onbeskroomd en vry-uit toe te pas nie. Die tug verswak of verdwyn in die naam van beskerming en veiligheid.
- Christene laat hulle denke en doen al hoe meer bepaal deur wat vir nie-gelowiges interessant en relevant is. Dit lei tot uitholling van die prediking en reduksie tot 'n paar temas soos liefde en sosiale bewoënheid. Hulle is nie meer trots op die *hele* leer nie.

**Missionêre *gemeente*?**

Hierdie ideale word bevorder deur die idee van die missionêre *gemeente*. Die kerk sou slegs bestaansreg hê as dit groei. Die fokus is hier nie meer op die bekering van die Christen en die opstanding van die nuwe mens nie. Dit gaan oor die opstanding van 'n *nuwe kerk*. Die *kerk* moet radikaal verander. Sommiges vind dat dit selfs beter is om die kerkdeure te sluit omdat hulle skaam is vir die bestaande gemeente en liewer iets nuuts wil begin – 'n eksperimentele groep. Hier en daar verdwyn lank bestaande gemeentes, leeggesuig deur missionêre werk, sonder dat binne afsienbare toekoms nuwe gereformeerde gemeentes daarvoor in die plek kom.

"...ons vind *onsself* belangrik."

Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n Bybelse konsep: die kerk as lig in die wêreld. Maar is die kerk eers 'n lig as sy missionêr geword het? Die idee van 'n *adjektiewe* kerk (*missionêre* gemeente, *diakonale* gemeente, ens.) is 'n betreklik nuwe verskynsel wat in die sestigerjare van die vorige eeu ontstaan het. As ons egter teruggaan na die Nuwe Testament, vind ons iets anders:
- Dit was vanaf die begin God se bedoeling dat die goeie nuus van Jesus die Messias deur die hele wêreld verbrei sou word. Dit is ook maar gelukkig vir ons! Die apostels het orals gemeentes begin plant.
- Die opdrag aan gestigte gemeentes is om te bid vir alle mense, sodat hulle tot bekering kom. Hulle tweede opdrag is om so heilig en liefdevol te lewe dat daardeur die laster van die ongelowiges weerlê word.
- Die briewe in die Nuwe Testament staan vol opdragte om op jouself toe te sien, omdat die teënstander rondsluip soos 'n hongerige leeu. Ook die oudstes moet toesien op hulself en die gemeente. Die gemeente is in hierdie wêreld 'n heilige priesterdom.
- Daar is nie 'n opdrag om die bure en die stad (waarvoor daar gebid word) te bekeer nie. Daar is wel 'n opdrag om nie skaam te wees vir die evangelie nie en om te alle tye bereid te wees tot verantwoording. Miskien sal God die gedrag van persone en gemeentes beloon deur ander ook tot geloof te bring.
- Die stad en die wêreld waarin Christene lewe, bepaal nie die karakter van hul huisstyl nie. Inteendeel, dit is die duisternis waarin hulle 'n lig moet wees.
- Die belangrikste vraag vir gelowiges en gemeentes is daarom of hulle later self sal mag ingaan in die vreugde van hulle Heer, nadat hulle uit die groot verdrukking gekom het. Wanneer gelowiges suinig is op die lig wat God in hulle ontsteek het en sorg dat

dit brandend bly, kan God ook ander na daardie lig toe lei. Ons lees nêrens in die Nuwe Testament dat Christene later verwyt sal word as hulle geen bekeerlinge gemaak het nie. Ons lees wel dat ons Heiland Hom sal skaam vir ons wanneer ons ons vir Hom geskaam het en nie die durf gehad het om vir sy Naam uit te kom nie.
Christus sê aan die gemeente in Filadelfia: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie." (Openb 3:11) Laat ons trots en suinig wees op wat ons ontvang het in belydenis, lied en liturgie.

Die kerk het 'n tyd geken toe sy haarself meerderwaardig gevoel het met sy katedrale. Deesdae dreig 'n minderwaardigheidsgevoel in die Weste. Maar beide is die keersye van dieselfde muntstuk: ons vind *onsself* belangrik. Maar dit is nie so nie. God kan ons gebruik, ons belangrikheid lê in die hemel, by Hom. Hierdie besef gee ons nederigheid, dankbaarheid, rus, vertroue, liefde en tevredenheid.

***Dr J van Bruggen*** *is emeritus-professor van die Theologische Universiteit Kampen.*
(Saamgevat en vertaal deur ds PG Boon – sendeling in Soshanguve)

# VERSOENING tussen BYBEL en WETENSKAP (5)

## Geloof & Wetenskap

Hoe moet ons met die sogenaamde feite wat evolusie bewys, omgaan? Wat is die gevolge as evolusie aanvaar word? Wat kan ons aanvaar? Gaan dit werklik oor versoening tussen Bybel en wetenskap? Daar is bekende wetenskaplikes wat aanvanklik begin het met 'n 'onskuldige geloof' in teïstiese evolusie, maar tog later na ongeloof neig en nou 'n agnostiese lewens- en wêreldbeskouing het.
Is dit die uiteindelike gevolg van versoening tussen Bybel en wetenskap?

**Versoening tussen Bybel en wetenskap?**
Volgens John MacArthur in sy boek *Battle for the Beginning*. *Creation, Evolution, and the Bible* is dit eerder 'n stryd tussen twee duidelik onverenigbare gelowe (2001:27). Die een is die geloof in God Drie-enig, soos in Sy Woord geopenbaar. Die ander is die geloof in moeder aarde waaruit alles ontstaan het en wat 'n anti-teïstiese, anti-God hipotese is. Die aarde is dan die skepper met ook 'n drie-eenheid, nl. materie (stof en aarde), tyd en toeval. Met genoeg tyd (miljarde jare) sal die materie lewende selle voortbring en dan, na miljoene mislukkings, sal daar uiteindelik een suksesvolle sel ontstaan wat weer op sy tyd na miljoene pogings iets beters voortbring. Hierdie geloof dat alles uit en deur die natuur ontstaan het, word naturalisme genoem. Volgens MacArthur het naturalisme die Christendom as die grootste godsdiens in die Westerse wêreld vervang (2001:11). Die geloofsbelydenis van 'n naturalis sou dan so kon lui: "*Ek glo in moeder aarde wat alles oor miljarde jare deur materie, tyd en toeval laat ontstaan het. Ek glo in die oorlewing van die sterkste om sodoende tot 'n hoër vorm van lewe te ontwikkel. Ek glo in die lewe hier en nou en dat die dood altyd met ons sal wees soos in die begin na die oerknal.*"
Hierdie siening of geloofsbelydenis het sy gevolge. God is met die natuur vervang. Daar is geen God aan wie die mens enige erkenning of verantwoording verskuldig is nie. Die mens is nie geskep nie en nog minder na enige goddelike beeld gemaak. Die mens is uit 'toeval' gebore. Om enigsins evolusie in die sin van makro-evolusie (oor die ontstaan van alles) te aanvaar of te probeer versoen met die geloof in God Drie-enig soos geopenbaar in sy Woord, skep enorme probleme met die verstaan en aanvaarding van Sy Woord. Soos ons in vorige artikels gesien het, roep dit baie eksegetiese en teologiese vrae op. Om maar opsommend twee te noem:

- Die skeppingsdae is nie tydperke nie, maar gewone dae van 24 uur. Sou mens dit anders wou interpreteer, dan kom ons in konflik met die res van die Skrif (Eks 20 :11 "Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak… en op die sewende dag het Hy gerus.") Dit vorm die basis van ons werksweek, dus dae van 24 uur. Die eksegetiese beginsel dat ons Skrif met Skrif moet vergelyk, word oorboord gegooi wanneer ons die skeppingsdae as lang tydperke sou interpreteer om evolusie oor miljarde jare te akkommodeer. Die belangrikste is egter dat die Woord deur God geïnspireer is en daarom nie gelykwaardig met die woord van mense is nie. Miep von Lindhelm-Westerink as bioloog kom tot die volgende konklusie in 'n artikel *Fossielen in het paradijs* (in die tydskrif *Nader bekeken*): "Dit gaan oor

die historisiteit van die paradys, die sondeval en sy gevolge".

- Indien die sondvloed nie 'n wêreldwye vloed was nie (soos nogal dikwels beweer word), dan skep dit 'n probleem met 2 Petrus 3:3-7 waarin duidelik na hierdie gebeure as 'n wêreldwye vloed verwys. Genesis 7: 21-23 vermeld dat alle mense omgekom het.

Indien evolusie aanvaar word - en ons het gesien dat dit implikasies het ten opsigte van die verstaan en uitleg van die Woord van God - moet sekere gedeeltes van die Bybel deur middel van die sleutel van die wetenskap anders verklaar word. Soos wat John MacArthur dit stel (2001:45): dit het sy direkte implikasies vir alle aspekte van ons geloof as die skepping enersyds as fiksie en andersyds as feit gesien word. Indien ons Genesis 1 dus as fiksie sien, is daar geen grond om die res van die Bybel as feitlike gebeure te glo nie. Wat moet ons glo as waarheid en waar trek ons die streep? Glo ons dan wel alles ná die skeppingsdae? Kan ons die sondeval (Genesis 3) glo? Dit lyk ook nie aanvaarbaar nie, omdat daar volgens die evolusieleer reeds mense dood was vóór Adam en Eva. Die sondvloed en die toring van Babel lyk histories gesien ook nie baie waarskynlik nie. Moet ons dan die streep net na Abraham trek? Die uittog uit Egipte, soos wat die nuutste navorsing toon, het eintlik ook nie plaasgevind nie (brief in *Beeld* van 27 September 2010). Trouens, die plae in Egipte is baie mooi legendes en dit het ten doel om ons iets te vertel - ons moet net uitvind wat! Om dus te probeer om 'n sogenaamde streep te trek van waar af ons wel die Bybel kan aanvaar, beteken in wese om 'n dik streep deur die hele Evangelie te trek. Waarom sou ons dan enige 'wonders' aanvaar: Petrus wat op die water geloop het, Lasarus wat deur Christus uit die dood opgewek is en dan laastens Christus se opstanding uit die dood? Die groot vraag is: Waarom sou ons nie Genesis 1 aanvaar nie, maar wél aanvaar dat op die dag van die Here alles nuut gemaak sal word (2 Petr 3:10-12)? Gaan dit dan ook miljarde jare neem om alles weer te herstel? Trouens, gaan die Here ooit kom? "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom …….wat sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die skepping af" (2 Petr 3:3,4).

**Gevolge van die geloof in evolusie**

Die naturalisme, die geloof in die natuur, loop uit op baie ekstreme oortuigings. Die mens word gelykgestel met enige ander organisme of dier en het dus geen besondere plek nie. Die gedagte dat die mens na God se beeld geskep is, bestaan nie. Die Latyn vir die beeld van God is 'Imago Dei'. Dit klink soos musiek! Dat dit met die sondeval verdwyn het, spreek vanself. Voor die sondeval was alles goed en selfs baie goed. Die mens het 'n besondere plek met 'n duidelike skeppingsopdrag gehad. Die Imago Dei was perfek. Die mens met 'n skeppende aard, soos God, kon selfs beelddraer genoem word. Dit het na die sondeval verander en die beelddraer bestaan nie meer nie. Tog het daar iets oorgebly. Calvyn sê dat al wat oorgebly het van hierdie perfekte staat, nog maar gedeeltelik sigbaar is. "Na die val het weinig oorgebly, die Imago Dei is vernietig, besmet en vermink (Institusie I, hfst.15, par 4, p 180 – vertaling). Hoeveel het oorgebly? In Romeine 1:19 e.v. word gestel dat daar in die skepping genoeg oorgebly het om God se grootheid daarin te kan herken. Hy het dit in hulle en aan hulle geopenbaar! Vers 20: "Want Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word." Artikel 2 NGB verwoord dit as volg: "Dit is immers voor ons oë (die skepping) soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien." Dit kom ook uit in menslike skeppings. Sou Rembrandt, die uiters begaafde skilder, meer oorgehou het van hierdie beeld as ander? Dit is 'n onderwerp wat alles te doen het met die 'Imago Dei' waarop daar seker nie 'n duidelike antwoord is nie.

## Naturalisme: geloof in die natuur.

Die naturalisme, die geloof in die natuur, beskou die mens as slegs een van vele spesies. Die mens se oorheersende invloed op die natuur lei tot die vernietiging daarvan. John MacArthur skryf dat daar heelwat 'diere-regte'-organisasies soos PETA (People for the Ethical Treatment of Animals) bestaan wat van mening is dat die doodmaak van enige dier gelykstaande is aan moord. Selfs om diere aan te hou, soos gidshonde, is volgens hierdie organisasie verkeerd. Radikale omgewings-organisasies propageer dat die uitsterwing van die mens sal beteken dat miljoene ander spesies sal oorleef. *The Church of Euthanasia* (kerk van selfmoord) propageer alles wat kan lei tot die uitsterwing van die mens, soos kannibalisme, aborsie en enigiets wat die mensdom kan verminder of vernietig. Dit is 'n direkte gevolg van die geloof in 'n skepping sonder God, sonder sondeval, en dus ook sonder verantwoordelikheid. Bogenoemde is natuurlik 'n ekstreme voorbeeld van 'n poging om die mensdom te vernietig, maar dit is wel seker dat die geloof in evolusie uitloop op 'n lewens- en wêreldbeskouing waarin God Drie-enig nie bestaan nie.

Indien alle lewensvorme spontaan deur middel van tallose toevallige mutasies van 'n eensellige organisme tot die hoogste vorm (die mens) ontstaan het, is die noodwendige gevolg dat hierdie proses nou nog steeds voortgaan. Die mens is dus nog nie in 'n finale staat nie. Deur natuurlike seleksie en die 'survival of the fittest' is ons besig om te ontwikkel. Hierdie denke het onder andere tot gevolg dat die Christelike leer gesien word as 'n verhindering vir die ontwikkeling van die menslike spesie. Herbert Spencer, 'n sosioloog, het hom onder andere besig gehou het met die vraag wat verandering beïnvloed (Berger & Berger, 176: 330 – 332). Hy het die begrip 'Social Darwinism' ontwikkel. Daarmee het hy die begrip van evolusie en die oorlewing van die sterkste op gemeenskappe van toepassing gemaak, wat basies beteken dat sekere gemeenskappe uiteindelik moet verdwyn. Karl Marx het bewustelik Darwin se idees nagevolg en sy denke oor die ekonomie en gemeenskappe kan direk na die evolusie-dogma teruggevoer word. Friedrich Nietzsche, 'n Duitse wysgeer, digter en uitgesproke antichristelik, het die gedagte van natuurlike seleksie sterk ondersteun. Nietzsche het die mense basies in twee klasse ingedeel: Die meesterklas van supermense wat die mensdom tot die volgende stadium in die evolusie-proses sal bring. Die meerderheid is egter die laer klas van volgsame skape wat maklik gelei kan word. Hierdie denke het die basis vir die Nazi-beweging in Duitsland gelê. Ons weet wat was die gevolge daarvan!

Oor die algemeen is die wêreld- en mensbeskouing wat die konsep van Darwin as basis het, totaal vernietigend. Is dit nie ook ten diepste die probleem van rassisme nie? Een groep mense dink hulle is beter as ander. Hoe praat ons van ons landgenote om braaivleisvure? Word dit ook deur die idee van 'n super-ras gevoed? As ons ryk is – dink aan die gelykenis van die ryk man in Lukas – is ons dan beter as ander wat dit minder goed het? Dit maak Efesiërs 6:10-20 uiters aktueel: Die worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug. Ons moet die geeste in die lug kan uitken. Ons moet die evolusie as 'n geloof, nl. die naturalisme, sien vir wat dit is: anti-Goddelik en vernietigend.

**Gelowig en wetenskaplik**

Bestaan daar nog Christen-wetenskaplikes wat teen die moderne stroom in suiwer in die lig van die Skrif hul werk wil doen? Inderdaad is daar gelowige wetenskaplikes wat hulle besig hou met nuttige wetenskap tot eer van ons Skepper wat hemel en aarde ex nihilo (uit niks) geskep het. Die lys is te lank om op te noem. Enkele voorbeelde:

- Dr Fred Mouton wat die boek *Skepping en Evolusie* geskryf het en aan ons goed bekend is. Sy vakgebied is o.a. die ontwikkeling van wiskundige modelle wat die gedrag van missiele beskryf en die ontwikkeling van beheerstelsels.

- Prof John Byl, skrywer van die boek *God and Cosmos. A Christian view of time, space and the universe.* Hy het 'n doktorsgraad in astronomie.

Die naturalis glo dat uit niks en deur niks alles tot stand gekom het. Daar was niks en toe ontplof dit ook nog! Ons as Christene glo God ons Vader het uit niks alles daargestel, met die mens as kroon op die skepping. Dit sal eendag, op die jongste dag, weer ten volle herstel word sodat die mens weer beeld-draer van God kan wees. Dan sal ons weer ten volle Imago Dei kan wees!

***Frank van der Kooy*** *het oor verskeie jare as gelowige wetenskaplike in natuurbewaring en later omgewingstudies gewerk. Deur gesprekke met ander wetenskaplikes het hy die sogenaamde konflik tussen geloof en wetenskap in verskeie vertakkinge van die wetenskap ervaar. Hierdie artikel is die vyfde in 'n reeks van 6 wat oor Geloof en Wetenskap handel.*

# JOB SE SIEKTE

## Medies

Soms gebruik die HERE siekte in sy plan van verlossing. Hy kan dit ook gebruik as Hy in verbondswraak na sy ongehoorsame kinders toe kom. Is dit die wraak van die HERE wat die oorsaak is van Job se siekte? Word hy gestraf? Nee, dit is inteendeel die omgekeerde. Job word siek en ervaar baie teëspoede vanweë sy regverdigheid.
Job word baie ernstig siek. Ons lees dat Job met bose swere getref word, van sy voetsool tot sy skedel – van kop tot tone (Job 2:7). Job se siekte het skielik begin en het daarna 'n lang chroniese verloop. Hy ervaar baie lyding met sy siekte.
Ons lees in die boek Job oor baie simptome wat hy ervaar het. Hy ervaar ook depressie. Sy liggaam is met korste en etter oordek, die siekte veroorsaak 'n aaklige gejeuk en deurborende pyne. Ons lees dat hy nie meer kan eet as gevolg van die pyne nie. Ja, die boek Job vertel ons breedvoerig en baie akkuraat oor al die simptome van sy siekte.
Moontlik was die swere as gevolg van 'n stafilokok-bakterie. Die vinnige aankoms van die siekte kan 'n mens ook laat dink aan 'n septisemie, maar dit het gewoonlik 'n dodelike verloop in die era voor antibiotika. Job was verder nie herkenbaar nie. Sy vriende kon hom op 'n afstand nie herken nie (Job 2:12).
Verskeie siektes as gevolg van verskillende voedingsgebreke is ook al genoem as die siekte van Job. Dit sou moontlik die simptome van Job se siekte kon verklaar. Dr Wasserman stel dat Job, na sy skielike verlies, depressie ontwikkel het, armoede en dus 'n voedingsgebrek. Dit het dan aanleiding gegee tot die velletsels. (Sien verwysing)
Ons lees dat Job op die ashoop sit, buite die stad. Miskien kon hy aan 'n soort melaatsheid gely het. Die simptome verbonde aan sy vel is dan ook prominent deur die hele boek Job. Job het maer geword – ons lees dat sy lede soos 'n skaduwee was. Hoofstuk 19 vermeld meer spesifieke simptome: hy het 'n vreemdeling geword in sy eie huis (vers 15), sy asem is hinderlik vir sy vrou en sy slegte reuk vir sy broers (vers 17). Hy is net vel en been en hy het al sy tande verloor (vers 20). Maar hy ervaar ook geestelike moeite. Ons lees van sy niere wat versmag in sy binneste (vers 27). Niere in die Ou Testament word dikwels in verband gebring met die gemoed van die mens. Ons lees in hoofstuk 30:30 dat sy vel swart word en dat sy gebeente gloei van hitte.

Die boek Job gee ons dus 'n hele opsomming van die simptomatologie van die siekte van Job.

Waarom het Job siek geword?
Is dit die wraak van die Here wat die oorsaak van sy siekte is? Word hy gestraf? Nee, dit is inteendeel die omgekeerde. Job word siek en ervaar baie teëspoede vanweë sy geregtigheid. Ons lees dit in die eerste vers van die boek Job. "Job was vroom en opreg en godvresend en een wat afgewyk het van die kwaad" (Job 1:1). Van die begin van die boek Job is dit duidelik dat sy siekte nie 'n straf van die HERE op sy sonde is nie. God slaan nie vir Job met siekte nie. Nee, dit is God se vyand wat dit doen. Waarom doen Satan dit?
Satan ken nie die lewe van opregtes in die verbond met die HERE nie. Hy ken nie die verbond van die HERE met sy kinders nie. Satan ken slegs 'n kontrak. Volgens die Satan sou Job God alleen dien omdat hy persoonlike voordeel daaruit trek. Hy sou God nie werklik liefhê nie. Hy sou God slegs dien uit selfsug. Job sou lewe in 'n kontrak met God wat hom bevoordeel.
Satan sou dit bewys deur Job met 'n chroniese siekte te tref. God gee aan Satan die geleentheid om hierdie siening reg te bewys. Na al die rampe waarmee hy Job getref het, kan hy hom nou ook met siekte tref. Satan is daarvan oortuig dat Job nou vir God sal verloën.
Wat sien ons egter? Job breek nie met God nie. Waarom? *Want God breek nie met Job nie!* Job hou aan God vas*, omdat God hom vashou.*
Hier sien ons die rykdom van die verbond van God met sy kinders. Satan kan dit nie verstaan nie, daardie diepe liefdesband. "Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir my 'n kind wees." Dit is God se liefde, en deur hierdie liefde kom ook Job se antwoord van liefde: "Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie" (Job 2:10).
"God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom... Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het." (1 Joh 4: 16,19). Die verbond is so ryk omdat God daarmee begin. Hy is getrou. En die Satan kan niks teen hierdie liefdesband doen nie.
Job se vriende vererger sy lyding nog verder met hul godsdienstige gepraat. Die vyand is sterk. Maar uiteindelik oorwin God se liefde. Die liefdesverbond

is 'n genade-verbond. Wat kan die Satan teen genade doen?
Ons kan drie dinge raaksien uit die siekte van Job.

1. Satan kan siekte veroorsaak. Dit gaan egter nie buite die regering van God om nie. Satan het wel kwaad teen Job bedink, maar God het dit ten goede laat meewerk. (vgl Gen 20:50).
2. Job bring tweedens niks teen God in as hy siek word nie. Elke moontlike siekte kan hom oorval soos vir alle mense. God bring siektes oor regverdiges en goddelose. "Die vrome en regverdige vernietig Hy" (Job 9:22). Kan ons, as kinders van die HERE, God tot verantwoording roep as ons siek word? As God ons met gesondheid seën, is dit onverdiende genade. As Hy siekte toelaat, is Hy regverdig. In Adam het ons almal die gesondheid van die paradys verloor.
3. Ons mag leef in die verbond met die HERE. Ook in ons siekte en moeite. Want die God wat beloof het, is getrou. Ook in ons siekte lê ons genesing buite onsself, vas in die HERE wat ons vashou.

Job bely wat Paulus later bely: "Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het." (Rom 8: 35-37)
Paulus haal hier Psalm 44 aan. Lees gerus hierdie hele psalm. Ook in hierdie psalm worstel die digter met die hand van die HERE in teëspoed en benoudheid. Maar hy mag ook rus vind by die verbondstrou (=goedertierenheid) van die HERE wat hy leer ken het uit die geskiedenis.
Ons mag dit ook bely noudat ons agter die lyding en opstanding van Jesus Christus staan. In ons siekte mag ons ons optrek aan Hom wat ons eerste liefgehad het.

Wasserman H P ***Geneeskunde in die Bybel.*** JL Van Schaik, 1997, p185-189.

***Prof Hanno Boon (1970-2004)***

# Die Nederlandse Geloofsbelydenis
# (Confessio Belgica)

## Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

Guido de Brès is die outeur van die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confession), wat in 2011 vierhonderd-en-vyftig jaar gelede opgestel is. Hy was die seun van Jean de Brès, 'n glasmaker en –versierder. In die tyd van Guido de Brès was daar 'n aantal belydenisse, soos onder andere die Franse belydenis, die Skotse belydenis (Confessio Scotia) en die belydenis van Beza. Die doel van die belydenisse was eerstens om standpunt in te neem teen die Roomse kerk en die Wederdopers, maar tweedens om in kort aan die Gereformeerdes 'n belydenis te gee waarmee hulle hul geloof kort saamgestel kon bely.
Die Nederlandse Geloofsbelydenis is in 1561 gepubliseer. Dit was anoniem weens die vele vervolgings wat die Gereformeerdes moes ondergaan.


CONFESSION
DE FOY,
Faicte d'vn commun accord par les fideles qui conuerſent és pays bas, leſquels deſirent viure ſelon la pureté de l'Euangile de noſtre Seigneur Ieſus Chriſt.
I. PIER. III.
Soyez touſiours appareillez à reſpondre à chacun qui vous demande raiſon de l'eſperance qui eſt en vous.
M. D. LXI.
Koninklijke Bibliotheek 's Hage

De Brès het die belydenis o.a. opgestel om dit aan die owerhede te gee, sodat hulle nie die Gereformeerdes en die Wederdopers met mekaar sou verwar nie.
Adrianus Saravia, 'n mede-leraar van de Brès, het die belydenis aan Calvyn gegee. Dié was egter nie tevrede met die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Hy het De Brès aangeraai om liewer die Franse belydenis te gebruik wat in 1561 by die Franse Sinode aanvaar is. De Brès het kennis geneem van Calvyn se kommentaar, maar dit nie opgeneem in die Confession nie. De Brès het gevoel dat hy die Nederlanders die beste geken het om so vir hulle 'n belydenis te kon saamstel. De Brès het die Confession in Frans geskryf, omdat die meeste mense in die suidelike Nederlande Frans as hulle taal gehad het. Die Geneefse teoloë (dit is nou Calvyn en sy mede-professore) het geen beswaar teen die inhoud van die Confession gehad nie, maar net dat dit in Frans geskryf was en nie in Nederlands nie. Tog het die noordelike Nederlande gou die Confession aanvaar. Die Confession het ook die Nederlandse Geloofsbelydenis van Noord-Nederland geword.

**Opstelling van die Confession**
De Brès het die Confession gebaseer op ander werke wat hy geskryf het. Hy wou die Confession so aanvaarbaar vir die kerke maak as wat moontlik is. Hy het sy manuskripte van sy Confession wyd in Frankryk, Nederland en Duitsland versprei. Dit moes in alle opsigte die Woord van God naspreek. Daarom wou hy soveel as moontlik kommentaar hê. Saravia, De Brès se kollega, het saam met ander kollegas wysigings aan die Confession voorgestel. Dié het de Brès aangebring waar nodig. Die Confession is al gou (1562) in Nederlands vertaal, en Saravia het die verspreiding daarvan ywerig versorg. So het dit by al die Gereformeerde predikante in Nederland uitgekom en ook by die Prins van Oranje en Graaf van Egmont. Ook is dit na die vlugtelinggemeentes in Londen en Emden gestuur om die nodige outoriteit van die belydenisskrif te bewerkstellig. De Brès wou dus nie alleen vir die gemeente in Tournai, waar hy gewerk het, die Confession skryf nie, maar hy wou die hele Nederlandse gebied daarmee dien.
Oor die eeue het die vraag bestaan wat die oorsprong van die Confession is. Waar kom dit dus vandaan? Sommige kerkhistorici reken dat De Brès dit self geskryf het. Dit is 'n samevatting van 'Baston de la Foy' , 'n vroeëre publikasie van De Brès. Ander meen dat die Confession van Beza 'n invloed op die skrywe van De Brès gehad het. Daar is mense wat sê dat die Confession 'n jonger susterpublikasie van die Confessio Gallica (Franse belydenis) is.

**Die struktuur van die Confession**
Daar is 37 artikels wat die gereformeerde leer uiteensit. De Brès begin by die Godsleer en eindig by die jongste dag. Hierdie indeling ken ons vandag nog net so. Oor die eeue is daar geen veranderings aangebring nie. Hierdie belydenis is die uitdrukking van die algemene katolieke geloof deur De Brès. Baie ander gelowiges het dit so aanvaar en dit van harte onderskryf.
Die Confession het die eenheid en eendrag tussen die Gereformeerdes bevorder. Die struktuur van die Confession het die struktuur van die Dogmatiek aan universiteite teweeggebring. So word dit vandag nog by gereformeerde teologiese universiteite en fakulteite gebruik.

**Kerklike aanvaarding van die Confession**
Die doel van die Confession was om Koning Filips II te laat verstaan dat die godsdiens van die Gereformeerdes nie aanleiding gegee het tot misdade nie. Verder dat die Gereformeerdes geen ketters was nie. De Brès was daarvan oortuig dat die Confession in ooreenstemming met die inhoud van die Bybel is. Verder is dit ook in ooreenstemming met die kerkvaders.
In die brief wat die pakkie vergesel het wat oor die muur van die kasteel in die stadjie Tournai of Doornik gegooi is, skryf De Brès dat dié belydenis van die helfte van die inwoners van die stadjie afkomstig is. Soveel Gereformeerdes was daar in Tournai, byna 100 000 mense.
Daar was heelwat streeks- en algemene sinodes wat die Confession onder oë gehad het. Dit is met klein wysigings orals positief ontvang. Die sinode van Emden het die Confession in 1571 bekragtig. So het die Confession 'n uitdrukking van die gereformeerde geloof geword.

**Glo en bely**
Die Confession het ontstaan uit die lewe van die kerk. Dit weerspieël die stryd van die gereformeerde geloof. Die opregte belydenis is 'n kenteken van die ware geloof wat deur God in die harte van mense gelê word. De Brès sê met nadruk dat, om die geloofsbelydenis te bely, 'n hartsaak is. Ons glo almal met die hart. Die inhoud van dit wat ons bely, is die inhoud van die Woord van God. De Brès was geen teoloog in vandag se sin van die woord nie. Hy was teoloog in die letterlike sin van die woord. Die Confession is 'n innerlike verwerking van die Waarheid wat lei tot 'n uiterlike verwerkliking van die Waarheid. Vir De Brès was dit 'n kwessie van lewe en dood. Vir De Brès was die dood die lewe.

***Prof Hans Boon*** *is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk van Johannesburg.*

# UITSTRALING van die VGKSA

## In Pers-pektief

**Twintig jaar na die "rooi boekie"**
In Maart 1992, twintig jaar gelede, het die sogenaamde "rooi boekie" verskyn. Dit is kortliks so genoem omdat die titel taamlik lank was: "Tussen strydbaarheid en diensbaarheid: die uitstraling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika". Die boekie is geskryf deur vier destydse predikante van die VGKSA, te wete ds FJ Bijzet en ds EA de Boer van Pretoria, ds T de Boer, sendeling van Mamelodi en ds FJ van Hulst van Kaapstad. Die boekie was bedoel om bestek op te neem na 'n periode van 40 jaar van Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: hoe het hierdie kerke daarin geslaag om hulle afsonderlike bestaan te regverdig en hulle doel en roeping te vervul?

Die inhoud van die boekie fokus tot 'n groot mate op die houding van die VGKSA tot die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) (en dit is ongelukkig ook sy beperking binne die breëre raamwerk van sy titel). Die boekie is gepubliseer 'n paar maande voor die VGKSA-sinode van Mei 1992, met die bedoeling dat hierdie sinode, besonderlik deur sy opdragte aan Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke, met die resultate van die boekie verder sou werk. Maar dit was ook bedoel as werkboek vir bespreking op die kerkrade en in die gemeentes, om gesamentlik die kerklike koers vir die toekoms te bepaal.

Hierdie boekie het, vir sover ondergetekende kan onthou, 'n taamlike lou ontvangs gekry (moontlik ook vanweë die fokus op die GKSA). Die konklusies en aanbevelings is nie juis met geesdrif in die gemeentes bespreek en uitgevoer nie. Was die boekie sy tyd vooruit, was dit te idealisties, het die skrywers die pot misgesit, of was die konsekwensies te drasties vir die gewone lidmate? Dit is nuttig om twintig jaar later, dus nou sestig jaar na die stigting van die VGKSA, weer 'n slag na hierdie boekie te kyk en dit te vergelyk met die huidige stand van sake in ons kerke.

**Samevatting van 1992 se Besinning**
In 1992 was daar drie selfstandige VGKSA-gemeentes, met vier predikante en drie sendelinge. Die eerste veertig jaar van die VGKSA was nie sonder groot moeites nie. Daar was kerkskeurings en ernstige probleme met predikante. Die groei in die drie selfstandige gemeentes het gestabiliseer tot ongeveer 1300 lidmate. Die stroom van immigrante uit Nederland het opgedroog, die lidmategroei was hoofsaaklik deur geboortes. Vir kerklike tydskrifte en boeke is hoofsaaklik op publikasies uit die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Nederland staatgemaak.

Die gesprekke met die GKSA het vasgeloop op hulle kontakte met ander kerke, sonder 'n indringende gesprek oor eie kerklike kenmerke. Die vraag kom dan op: wat is die pad vorentoe vir die VGKSA? Hoe gee ons uiting aan ons roeping tot kerklike eenheid met alle ware Christen-gelowiges? Moet ons maar ons kerklike apartheid en kleinheid met teleurstelling aanvaar?

Die boekie gee 'n opsomming van groot uitdagings vir die VGKSA. Ons het 'n spesifieke geestelike (kerklike en teologiese) erfenis uit Nederland saamgeneem (veral met betrekking tot die prediking, die kerklike betrokkenheid van lidmate en die gereformeerde onderwys). Hierdie erfenis moet verder van toepassing gemaak en uitgedra word in Suid-Afrika, saam met verdere ontwikkeling van die gereformeerde teologie. Die opleiding van nuwe predikante en sendelinge in Potchefstroom en Hammanskraal, onder begeleiding van ons eie predikante en sendelinge, en met 'n moontlike afronding van die akademiese studie in Kampen, moet aangepak word.

Die aanvanklike roepingsgevoel en strydbaarheid van die VGKSA-gemeentes om "doorgaande reformasie" in Suid-Afrika te bewerkstellig, het ongelukkig gestuit op "totale onbegrip" in kerklike Suid-Afrika. Die kerklike ywer het sodoende meer na binne gerig geraak en daar word nou (1992) meer gefokus op "konsolidering" van die eie kerklike lewe. Maar beteken dit nie dat die VGKSA, wat sy eie spesifieke erfenis betref, dan nou tot 'n mate onvrugbaar geword het vir Suid-Afrika nie? "Het ons die kandelaar van ons gereformeerde erfenis nie te dikwels onder die emmer van ons eie Vrye Gereformeerde kerkdak geplaas nie ?" Die voorstel is dat die VGKSA-gemeentes die balans moet herstel deur meer "missionêr" te word, onder andere deur evangelisasie.

Die sendingwerk van die VGKSA, in samewerking met vrygemaakte kerke in Nederland, het goeie vrug gedra. Mamelodi beweeg na selfstandigheid en daar

is sendelinge en gemeentes in Soshanguve en Belhar. Hierdie aktiwiteite vra sterk insette van die sendende kerke. Samewerking in die sendingsgebiede met die swart GKSA-kerke moet ondersoek en ontwikkel word. Die jong swart gereformeerde kerke kan baie steun van mekaar ondervind (en dit sal nie maklik wees om die verskille wat daar is tussen die blanke VGKSA- en GKSA-gemeentes aan die swart kerke te verduidelik nie).

Die amptelike kritiek van die VGKSA op die GKSA gaan oor hulle kerklike kontakte, hoofsaaklik met buitelandse kerke, maar ook binnelands. Daar is ook besware teen sake soos swak prediking, swak tugoefening, swak kerkbesoek, geen begrip vir gereformeerde onderwys en "doorgaande reformasie" nie en intensiewe kontakte met die Vrye Universiteit van Amsterdam. Die vraag is egter of hierdie "swakhede" binne die GKSA die aparte voortbestaan van die VGKSA regverdig. Grondiger onderlinge kontakoefening oor hierdie sake word voorgestel, met name op gemeentelike vlak, en met moontlike samewerking op gebiede waar ons saamstem. Daarby moet die kenmerke van 'n ware kerk hanteer word volgens Art. 29 NGB. Dit sal ons sier as ons ons strydbaarheid aanvul met meer diensbaarheid.

| VGKSA | 1992 | 2012 |
|---|---|---|
| Gemeentes | 3 | 8 |
| Predikante | 4 | 8 |
| Sendelinge | 3 | 7 |
| Lidmate | 1300 | 1700 |

**Kerklike Stand in 2012**

Die situasie in ons kerke het op sekere punte nogal verander sedert 1992, terwyl ander aspekte min of meer nog dieselfde is. Daar was heelwat dinamiek in die VGKSA gedurende die laaste 20 jaar. Die getal selfstandige gemeentes in die kerkverband het gegroei van drie na agt, met 'n groei in lidmatetal van ongeveer 1 300 na ongeveer 1 700. Hierdie groei is en word nog beperk deur emigrasie van lidmate na ander lande. Die sendinggemeentes van Soshanguve-Noord en Belhar het nou selfstandige kerke geword. Die getal preekpunte op die sendingveld het aansienlik toegeneem. Die getal predikante het verdubbel na agt, die getal sendelinge het toegeneem van drie na sewe. Daar was die aansluiting van agt Suid-Afrikaanse predikante (waarvan nog twee in aktiewe diens in die VGKSA is). Twee kerke het aangesluit by die kerkverband (waarvan nog een oor is). Drie predikante is intern opgelei (waarvan nog een in aktiewe diens in die VGKSA is). Kerklik-kwalitatief gaan dit dus goed, maar die VGKSA bly egter nog steeds, met die woorde van ds Van Hulst, 'n "piepklein" kerkverband. Die vraag is nog steeds relevant: is dit goed om so te funksioneer of het ons 'n breëre roeping?

Die toenadering tot die GKSA-kerkverband het in die afgelope 20 jaar nie baie gevorder nie, met nog steeds die ou haakplekke. Wel is daar in Pretoria inmiddels goeie kontakte tussen VGKSA- en GKSA-gemeentes. Die VGKSA het meer afstand geneem van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Nederland. Daar is kritiek op sommige van hul kerklike besluite, op die vernuwings in hul liturgie en op die gereformeerde gehalte van die opleiding in Kampen. Maar wat betref die sendingwerk in Suid-Afrika is daar steeds goeie samewerking met kerke in Noord-Nederland. Die kontakte met gereformeerde kerke in Kanada en Australië het toegeneem. Die meeste energie van die VGKSA word egter steeds intern aangewend en die uitstraling van die kerke is daardeur maar beperk.

**Die Pad Vorentoe**

Bostaande is slegs 'n baie beperkte oorsig van die huidige stand van sake in die VGKSA. 'n Meer intensiewe opname, saam met publikasie van die bevindings en bespreking daarvan op gemeentelike vlak, sou seker van nut wees (soos die bedoeling was met die "rooi boekie"). Dit sal help om die toekomstige koers en doelwitte van die kerkverband te bepaal.

Van belang is om vas te stel wat **die belangrikste roeping en take** is van 'n kerk en kerkverband. 'n Klein kerkverband, met beperkte hulpbronne en mannekrag, moet sy prioriteite bepaal, sodat (goed) aangepak word wat die belangrikste is. Daar moet gewaak word teen twee uiterstes. Die een is dat 'n klein kerkverband alles wil doen wat 'n groot kerkverband ook doen. Dit kan veroorsaak dat, as gevolg van die beperkings wat daar is, daar na verloop van tyd teleurstelling en frustrasies kom en die kerk begin versink in lusteloosheid en lydsaamheid. Die ander uiterste is dat ons te klein dink van God se kerk, Sy krag en manier van werk, waar ook "gideonsbendes" baie kan vermag. Dit kan veroorsaak dat ons berus in ons klein genoeglike hoekie, dat daar hoegenaamd geen geesdrif is en niks aangepak word nie.

Die regte pad lê in die middel, waar **realistiese doelwitte** aangepak word volgens hulle belangrikheid. Wat realisties is, word dan mee bepaal deur die hulpbronne (manne/vroue-krag, kundigheid, geld, tyd, ens.) wat beskikbaar is. Dit mag lyk na 'n suiwer menslike benadering van die kerk, asof dit 'n besigheid is. Maar solank ons nie,

soos by die ou profete, regstreeks deur God geroep word om sekere dinge aan te pak nie, moet ons God ook dien met ons verstand (net soos die toringbouers van Lukas 14:28). Hier lê 'n fyn balans tussen ideale wat ons het, geesdrif wat ons kan mobiliseer en die beperkings wat ons ondervind. Die realistiese doelwitte moet ook gedra word deur die breë kerkvolk en moet nie deur "kerkleiers" opgelê word nie.

**Die hooftaak van die kerk is die verkondiging van die evangelie.** Dit moet na binne gebeur deur die Sondagse eredienste, huisbesoeke en Bybelstudiegroepe, en na buite deur sending, barmhartigheidswerk, evangelisasie en teologiese bydraes. Hierbinne val ook die roeping van die kerk om ernstig eenheid te soek met alle ware Christen-gelowiges. Daarnaas sal baie van ons energie as gelowiges gerig moet wees op die opvoeding en onderwys van ons kinders. 'n Mens sou jou kon voorstel dat, om dit alles goed te doen, dit al die beskikbare kragte binne die VGKSA sal opneem.

Die ander take wat ons sou kon identifiseer, soos korrespondensie met die owerheid, Bybelvertaling, beryming van psalms en geestelike liedere en eie teologiese opleiding, is nie onbelangrik nie, maar is van sekondêre belang. Vir hierdie take sal ons dan maar moet staatmaak op die werk en dienste van ander, wat ons daarmee vertrou. Laat ons dit wat die belangrikste is eerste, met oorgawe en met genoegsame hulpbronne, aanpak. Dan sal ons uitstraling as kerke in Suid-Afrika, onder die seën van die Here, positief wees.

***Hans Moes*** *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

Sperdatum vir die volgende uitgawe van *KOMPAS:*

12 Maart 2012


Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

**Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

★ UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE
BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA
08600-COFFEE

**GORDONSBAAI - HOOGGENOEG**
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone
met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings
kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

# BOEKENUUS

NUUT:

**Pret met die Heidelbergse Katemismus / Hennie van Wyk**
Hierdie handige en prettige gids vir katkisasie, Bybelstudie en huisgodsdiens is saamgestel deur ds Hennie van Wyk van die Gereformeerde Kerk Bloemhof. Aan die hand van 'woordsoek'-blokraaisels word Sondae 1-52 behandel. Op die eerste bladsy word 'n skematiese voorstelling van die Heidelbergse Kategismus gegee.
"Hierdie werk het een doel voor oë – dat elkeen wat dit oopmaak, 'n potlood sal neem en begin om die woorde wat uitgelaat is, te soek. So dikwels onthou ouers en grootouers dat ons in die Katkisasieklas die Kategismus uit die hoof moes opsê. Daar het egter in die denkwyse van mense 'n verskuiwing gekom wat wegbeweeg van blote memoriseerwerk na verstaan en begrip. Mag hierdie boekie help om die leemte tussen die twee denkwyses te vul."
(62 bladsye – R 45)




**Pret met die Nederlandse Geloofsbelydenis / Hennie van Wyk**
Aan die hand van 'woordsoek'-blokraaisels word NGB artikels 1-37 behandel. Op die eerste bladsy word 'n skematiese voorstelling van die samestelling van die Nederlandse Geloofsbelydenis gegee.
(54 blasye – R 45)




**Age of opportunity / Paul David Tripp**
'n Bybelse gids by die opvoeding van tieners. 'n Publikasie van P&R Publishing.
"... provides a superb road map for raising teenage children ... (and) experiencing with them the challenges, victories and joys of our journey to maturity in Christ" – Ken Sande.
(291 bladsye – R 120)




**The living church / John Stott**
Wanneer is 'n kerk 'n lewende kerk? Die skrywer John Stott verduidelik: "We need more radically conservative churches: 'conservative' in the sense that they conserve what Scripture plainly requires, but radical in relation to that combination of tradition and convention that we call 'culture'. Scripture is unchangeable, but culture is not."
(192 bladsye – R 115)

- **Psalmboek oortreksels**

Kunsleer en gemaak deur personeel by die Roger Stephens beskutte werkplek.
( R30)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

www.folmerboek.com

**Folmer Boekhandel (Kaapstad)**
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

**Folmer Boekhandel (Pretoria)**
Laseandralaan 115, Môregloed, 0186
Tel: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net
Tel/faks: 012 543 3597

**Stigting Woord en Wandel**
**(Eienaar & Uitgewer)**
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

**Drukker:**
Printburo (telnr 012 335 9134)

**Redaksie:**
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

**Subredakteurs:**
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
In Pers-pektief:
Hans Moes

**Redaksieadres:**
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

**Advertensies:**
Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**
RSA per e-pos : R60
RSA per hand : R120
RSA per pos : R160
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

**KOMPAS** is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is.
Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
  Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
  pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Hoëveldlaan 17, Bethal
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds JJ Drijfhout :**
  21ste Laan 934, Rietfontein; sel 072 556 9872
  jj.drijfhout@vgk.org.za
- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H,
  Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530;
  tel 021 910-3152 / sel 084 023 8239; emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182, Pretoria
  tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186, Pretoria
  tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186, Pretoria
  tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152;
  tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid;
  tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412
- **Ds CA van Wyk**
  Eikelaan 1, Rustdal, Blackheath 7580
  tel 021 905-3512 / cvanwyk@webafrica.org.za